Voorsitter: Pierre Hattingh 0836308484
pierre@nnet.co.za

Tesourier: Sarel Reynders 0828097225
sarel.reynders@outlook.com

Sekretaris: Andre Bester 0829259002
codrebdy@internet-sa.co.za

SAGES SENIOR GOLF-GHOLF Since 1974

EASTERN FREE STATE/OOS VRYSTAAT

**26 Feb 2026.**

# Nuusbrief/ Newsletter February 2026.

**Takkampioenskap 19 Feb 2026** was gehou soos geskeduleer op Bethlehem Buite Klub en was goed ondersteun deur 33 spelers wat in drie afdelings meëgeding het. Afdeling A formaat was Slagspel(medal) en die wenner van die afdeling is die Kampioen en ontvanger van die Jan Nijhuis Trofee. Afdeling B en C het meegeding op IPS formaat .

Uitslae as volg:

A afdeling: Wenner en verdedigende kampioen: Nico Odendaal bruto(gross) telling 77

B afdeling: Wenner: Eren Liang 33

C afdeling: wenner: Leon Meyer 39

Naas wenner: Hanna Barnard 37

Derde plek: Schalk Strydom 37( uittel)

Beste Netto telling: Leon Meyer met 70 .

Naaste aan pen: Sybrand Brink en Otto Schuld.

Whiskey Draw: Otto Schuld.









Veels geluk aan al die plek en prys wenners. Baie dankie aan **Bethlehem Buite Klub** vir die beskikbaar stelling van die pragtige baan en fasiliteite.
Baie dankie aan **Basutu Fuels Kestell** en **CJ Louwrens Slaghuis Bethlehem** vir hul ruim borgskap van die toernooi.
Dankie weereens **Louise Hattingh** vir die heerlike verversings met registrasie asook die beskikbaarstelling van die kombuis vir die wat n ete wou bestel

Die **Jaarlikse Algemene Vergadering** is net na prysuitdeling gehou. Die huidige bestuur is behou met die uitsondering van Trevor Kahts wat afgegaan het en Elaine Bester wat as bestuurslid genomineer en aanvaar is. Die Takverteenwoordigers is behou behalwe Sarel Reynders wat vir Bethelehem afgaan en wat vervang word deur Louise Hattingh bygestaan deur Elaine Bester.
Die volledige notule van die vergadering is aangeheg aan die die e pos.

Daar is **geen Takbyeenkoms vir Maart** aangesien die Nasionale Kampioenskappe dan plaasvind.
Die span wat ons daar gaan verteenwoordig is Pierre en Louise Hattingh met Boy en Isabel Becker,
Andre en Elaine Bester met Nico Odendaal en Neels de Villiers. Mag hulle n suksesvolle en aangename toernooi beleef op Randpark Golf Club Johannesburg. (ons oorvleul met Liv Golf op Steyn City maar dit is nou maar "tough luck" vir hulle.)

**Lief en Leed:**
Ons het verneem van Edwyn Spence van Marquard wat ongesteld is en tans by sy dogter in Pretoria versorg word.
Sarel Reynders sterk ook tuis aan. Herstel is stadig maar seker.
Ons hou julle in ons gedagtes en gebede.